Ps. 48:1,4 **Gods Woord en Ons Gawes.** | Inwyding Kerk Rynfield 8 Aug.'59

Ges. 154:1,2 2 Kor. 8:1-9; 9:1-11

" 125:5.

Matt. 22:21 – Betaal dan aan God wat God toekom

Elke keer wanneer 'n Kerkgebou as huis van aanbidding aan God gewy word, word 'n mens se hart met dankbaarheid vervul oor die bereidwilligheid en ywer van 'n gemeente om deur hulle gawes dit moontlik te maak. En as 'n mens dan kyk na die groot somme wat wissel van £20 – £40 duisend) wat gemeentes vir kerk- & saalgeboue vir 'n baie kort tydjie bydra dan dwing dit jou om aan die volg. dinge te dink: Dan:

1) Besef jy dat so iets alleen moontlik is omdat die gemeente hulle hart a.d. saak gegee het — alleen word hulle liefde vir die saak openbaar in hulle arbeid & offers.

(Vb. Lytt.-Oos: Voorheen £1000 p.j. – nou £20,000 vir 3 jr. verkry)

2) Vra jy jouself keer op keer af: waarom moet hd. gees van offervaardigheid i.v.m. bou van 'n kerk dan weer verflou? Waarom kan dit nie voortduur nie? Waarom verswak dit baie keer net na die inwyding? Kan dit dan nie bewaar word? Die ywer in ander kanale gestuur word?

3) Word jy bekommerd as jy somtyds hoor v.d. twyfelagtige en onwaardige metodes ~~om~~ wat soms aangewend word om geld in te samel wat d. Kerk & Xtus as Hoof v.d. Kerk seker nie ~~tot~~ eer strek nie. Of die geweldige energie & tyd spandeer aan funksies, kollektes, verkopings, wat baie beter kan aangewend word om die geestel. opbou v.d. gemeente te bevorder. Waarom baie lidmate bereid vir 1e ma. nie vir 2e?

Ek dink daar is net een antwoord: omdat duisende lidmate die saak v. hulle gawes nie reg verstaan & nie reg beoefen nie. Die groot Skrifbeginsels nooit aan hulle geleer, al om die metodes baie beter bekend & d. vrug nie na blymoedig mens.

Daarom wil u spreek oor die saak van Gods Wet & ons Gawes en wys op: (Doel: – Groot Vrug – Kerk se potensiaal – Lid-gemeentes)

I Die Skrifwaarheid II Die Skrifmag III Die Skrifleme

I Die Skrifwaarheid i.v.m. ons Gawes: Die hele Bybel van begin tot end is vol van kennis & onderrig i.v.m. die saak van ons gawes. Onmoontlik om alles hier weer te gee – wil net d. groot hoofbeginsels stel:

1) My gawe is bo al 'n gawe aan God: In elke bydrae wat ek gee aan God en Sy saak erken ek dat God d. groot Eienaar en Besitter is van alles: „Die aarde behoort a.d. Here en die volheid daarvan" (Ps. 24:1) „Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie; want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende" (Ps. 50:9,10) (Ook 1 Kron. 29:11-14)

Ek erken d/mee verder dat God alles gee wat ek besit: gesondheid, geld, goed, gawes, tyd, talente – en dat ek in dankbaarheid iets sal teruggee: „Wat sal Ek die Here vergeld vir al Sy weldade aan my?". Wat ek dus gee moet ek aan God gee as die Groot Gewer van alles.

2) My gawe moet gegee word uit d. diepste motiewe: Daar is baie redes waarom ons



as mense gee vir die Kerk, vir 'n saak, vir 'n persoon. Die Bybel leer ons dat vir die Xten die volgende die swaarste moet weeg:

a) Ons moet offer omdat Xtus Homself vir ons geoffer het: „Julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, terwille van julle arm geword het" Dit moet die diepste drang en dryf van ons harte wees: om die onpeilbare liefde van God te erken – soos ons dit beleef in Xtus se offer a.d. kruis – en dan te weet dat geen offer van ons kant ooit daarvoor kan betaal of vergoed nie.

b) W/neer ons dit verstaan, dan vloei vanself d/uit voort die feit dat my gawe 'n vrywillige, nie bloot gawe moet wees (nie afgedwing, nie bloot uit tradisie), dat dit 'n blymoedige gawe sal wees, uit hart wat oorloop van dankbaarheid & lof!

– Vgl. nou h/mee die bydraes v. baie lidmate:
- 'n Gewoonlikheidsgawe
- 'n Gedwonge gawe
- 'n Geleentheidsgawe

I.p.v. 'n Offergawe! „Betaal aan God"

3) My gawe moet verbind wees a.d. heiligste handeling: Dws. aan my aanbidding met Gods kinders in Gods huis. Daar eers word dit 'n ware offer: deel van my oorgawe aan God saam m.d. gemeente.

– Wil nie afdruk te kenne gee: sondig om gawe aan huis of buite kerk te ontvang nie, mr. hele Skrifgetuienis wys duidelik in een rigting: ons gawes na Gods huis! Daar, in gemeenskap m. God en ander gelowiges, word my bydrae 'n offer!

— Vergelyk dit nou met soveel ander gebruike in sommige gemeentes (opsy lidmate) waar hd. Skrifbeginsels óf verkrag of so vermink word dat alle eerbied vir Gods gawes verdoof. Is dit 'n wonder dat die seën uitbly? (Tal v. los Kollektes, lyste, projekte vul opes. sake verydel d. deel wat ons wil besit)

II Die Skrifweg: As ons Skrif. beginsels i.v.m. ons offergawes erken en wil toepas, dan moet ook ons metodes Skrifmetodes wees en sonne as die Skrif ons afvin voorligting gee. In in elk geval mag ons geen metodes aanwend wat bots met die eis van Gods Wd nie! Verkeerde metodes verkrag regte beginsels!

1) Dit moet begin met 'n volkome oorgawe van onsself: Van die gemeentes in Macedonië sê Paulus: „hulle het hulself eers aan die Here gegee en toe aan ons..." daarom kon hulle ook oorvloedig wees in hulle ryke mildadigheid. Nou is dit waar dat d. sondige hart v.d. mens hom nie instaat stel om ooit hp volkome aan God toe te wy nie, maar juis daarom wil God ons oefen in die weg van gedurige & herhaalde oorgawe v. hart & siel — Dan alleen kry ons offergawe ewigheidswaarde. Eers oorgawe — dan offergawe!

2) Dit moet na vermoë & verhouding wees: Reeds in d. O.T. is hd. beginsel keer op keer beklemtoon en toegepas en in 1 Kor. 16:2 bring Paulus dit weer na vore as hy sê: „Elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate hy voorspoed is". 'n Vaste verhouding word dus aanbeveel as d. beste metode om weg te laat geskied aan Gods saak. I.d.



O.T. was die 10 die erkende maatstaf en Xtus. verwerp dit nie omver nie, mr. Hy bring 'n nuwe siening na vore deur baie meer klem te lê op die gesindheid v.d. hart, die vryheid v.d. Xten om baie meer as 10 te gee — & so los te kom v.d. en wettiese gebruike v.d. O.T.!

Wil gladnie hier oor die noodsd van die tiende al dan nie iets sê nie — wil net vorop stel dat God verlang dat elke Xten vir hp biddend moet uitmaak watter deel, watter persentasie van sy inkomste aan God behoort — en dit dan getrou vir God besorg. Al begin u met 5% - God sal u leer as u gehoorsaam!

3) Dit moet stelselmatig wees: Die Israeliete het hulle offers gereëld by hulle feeste in d. tempel gebring & deurgehang met hulle oestye en insameling van hulle boerdery. Paulus sê v.d. gemeente in Korinthe (16:2). „Op die eerste dag v.d. week ..."

God wil ons nie bind aan 'n dooie sisteem nie, mr. onse God is 'n God van orde en verlang dat ons gawes op vaste tye volg. ons vaste inkomste sal wees. God moet mr. alte goed dat as ons dit nie doen nie berowe ons Hom, verarm ons en steel ons van God!

— Hoe baie Xtene se gawes is sporadies, ongereëld, sonder enige sisteem!

## III Die Skrifleme: watter weg? Blymoed?

① Ons geest. lewe sal groei: Dis Paulus se versekering aan d. gemeente in Korinthe:
2 Kor. 9: 8 -

Dis die ondervinding van gelowiges en gemeentes deur die ~~eeue~~: „Die siel wat seën word versadig" Nl. rykdom nie in 1e plek geldelik nie, mr. geestelik: groei in liefde, groei in diens, groei in barmhartigheid!

Dis waar: as d. hart oopgaan, gaan die beurs oop. Mr. dis net ½ v.d. waarheid: die ander ½ is: ~~hie~~ ~~se~~ as die beurs oopgaan gaan die hart ook oop!

② Geloofsgemeenskap verdiep



③ Geldelike Behoeftes word Beantwoord